## Lesing 10 van 19.06.17 - Die weg na die innerlike Herberg in 2008/9

Die Volk Suid van Ethiopië se Gelofte aan die eindtyd

Jesaja 18:1 WEE die Aarde wat beskermde Vleuels [gehad het], wat oorkant die riviere van Kuwsh (Ethiopië) lê; [Psalm 61:4; TsefánJaH 3:10]

18:7 In dié tyd sal aan JaHWeH van die skeppings-leërmagte die eerbewys gebring word van die hoogs gelowige volk met die blink [ligte] vel, die oral gehate volk, die nasie gewoond om verdruk te word, wie se Aarde deur moeras-riviere afgesny word, na die plek van die Naam van JaHWeH van die skeppings-leërmagte, die Berg van Sion.

Jesaja 19:1 DIE las oor Egipte (*Afrika in profesie en vanuit Hfs 18, Suid-Afrika)*. Kyk, JaHWeH plaas 'n vinnige donderwolk wat kom na Egipte/ Suid-Afrika; en die drek van Egipte/Suid-Afrika wankel voor Sy Aangesig, en die hart van Egipte/Suid-Afrika smelt in sy binneste.

19:2 En Ek sal Egipte/Suid-Afrika teen Egipte/Suid-Afrika ophits, sodat hulle sal veg, elkeen teen sy broer en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk. [ZekarJaH 14:13]

19:3 En die gees van Egipte/Suid-Afrika sal radeloos word in sy binneste, en haar planne sal Ek verslind; dan raadpleeg hulle drek en die besweerders en die voorvadergeeste en die geeste wat waarsê.

19:4 En Ek sal Egipte/Suid-Afrika oorgee in die handpalms van 'n harde meester, en 'n wreedaardige koning sal oor hulle heers, spreek my Meester JaHWeH van die skeppings-leërmagte.

19:5 En die waters sal uit die groot waterplas verdwyn, en die rivier sal uitdroog en droog lê. [JeshaJaH 23:3]

19:6 En die strome sal stink; die strome van Egipte/Suid-Afrika sal swak word en uitdroog; riet en biesies sal verwelk.

19:7 Die weivelde by die Nyl, by die mond van die Nyl, en elke saailand van die Nyl sal verdor, verwaai en nie meer wees nie.

19:8 En die vissers sal klaag, en almal wat hoeke in die Nyl uitgooi, rou bedrywe; en die wat visnette uitsprei oor die waters, sal verdwyn.

19:9 En die bewerkers van uitgekamde vlas(katoen) staan beskaamd, en die wewers van wit stowwe. [Spreuke 31:13]

19:10 En haar steunpilare word verbrysel; almal wat vir loon werk, sielsbedroef.

19:11 Die vorste van Soan is net dwase, die raad van Farao se slimste raadgewers het domheid geword. Hoe kan julle vir Farao sê: Ek is 'n seun van die wyse manne, 'n seun van die konings uit die voortyd? [Boek van die Opregte 79:45]

19:12 Waar is hulle dan, jou wyse manne? Laat hulle jou tog te kenne gee, dat 'n mens kan weet wat JaHWeH van die skeppings-leërmagte oor Egipte/Suid-Afrika besluit het.

19:13 Die vorste van Soan het dwase geword, die vorste van Nof is bedroë; Egipte/Suid-Afrika is op 'n dwaalweg gebring deur hulle wat die hoeksteen van die stamme is.

19:14 JaHWeH het binne-in haar 'n gees van bedwelming gegiet, en Egipte/Suid-Afrika is op 'n dwaalweg gebring in al haar werk, soos 'n dronkaard tuimel in sy uitbraaksel.

19:15 So is daar dan vir Egipte/Suid-Afrika geen werk wat gedoen word deur kop of stert, palmtak of biesie nie.

19:16 In dié dag sal die Egiptenaars wees soos vroue: hulle sal bewe en vrees vir die geswaai van die Hand van JaHWeH van die skeppings-leërmagte wat Hy teen hulle swaai.

19:17 En die Adamah [die adamiet se Aarde] van JeHûWdah sal vir die Egiptenaars 'n skrik wees: as iemand van haar melding maak by hulle, bewe hulle vanweë die Raadsbesluit van JaHWeH van die skeppings-leërmagte wat Hy teen hulle geneem het.

19:18 In dié dag sal daar vyf stede in die Aarde van Egipte/Suid-Afrika wees wat die taal van Kanaän spreek en by JaHWeH van die skeppings-leërmagte sweer; een sal genoem word: Stad van verwoesting.

19:19 In dié dag sal daar 'n altaar wees vir JaHWeH binne-in die Aarde van Egipte/Suid-Afrika en 'n gedenksteen langs haar grond-gebied vir JaHWeH.

19:20 En sy sal wees 'n Teken en 'n getuie vir JaHWeH van die skeppings-leërmagte in die Aarde van Egipte/Suid-Afrika; as hulle JaHWeH aanroep vanweë die verdrukkers, sal Hy aan hulle 'n Redder stuur en 'n Stryder wat hulle sal verlos.

19:21 En JaHWeH sal Hom aan die inwoners van Egipte/Suid-Afrika bekend maak, en die inwoners van Egipte/Suid-Afrika sal JaHWeH ken in dié dag; en hulle sal dien met slagdiere en spysbydraes en geloftes doen aan JaHWeH en haar betaal.

19:22 En JaHWeH sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees; en hulle sal hul tot JaHWeH bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees.

19:23 In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte/Suid-Afrika na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte/Suid-Afrika kom en Egiptenaars in Assirië, en Egipte/Suid-Afrika sal saam met Assirië dien.

19:24 In dié dag sal JisraEl die derde wees naas Egipte/Suid-Afrika en Assirië, 'n seën in die midde van die Aarde,

19:25 omdat JaHWeH van die skeppings-leërmagte hom geseën het, met die woorde: Geseënd is My volk in Egipte/Suid-Afrika en My maaksel in Assirië en My Erfdeel JisraEl!